WORLDCOIN SENSITIEWE BIOMETRIESE DATA TOESTEMMINGSVORM

**Kort Opsomming.**

Die intensie van hierdie kort opsomming is om u te help om maklik te verstaan watter toestemming van u gevra word wanneer u by 'n Orb aansluit. Indien u vêrdere informasie benodig kan u die volle teksinhoud van die toestemming wat hieronder voorsien word hersien.

**U hoef nie in te stem tot hierdie Sensitiewe Data Toestemmingsvorm om te kan deelneem in Worldcoin nie.**

Hier is u opsies:

| Opsies | Impak | Spesifikasies |
|---|---|---|
| **#1.**<br>**Moenie Instem tot hierdie Sensitiewe Data Toestemmingsvorm nie** | Minder Data Ingesamel, maar Minder Funksionaliteit | U kan 'n rekening skep en 'n Worldcoin beurs vasstel, maar u sal nie toegelaat word om deel te neem aan sekere aspekte van Worldcoin nie, soos die ontvangs van 'n klein gratis bedrag vanaf WLD vir vasstelling van 'n unieke, draagbare digitale identiteit. Soos elke Worldcoin gebruiker moet u steeds saamstem met Worldcoin se Privaatheidsbeleid en Gebruikerstermes en Kondisies. |
| **#2.**<br>**Instem tot hierdie Sensitiewe Data Toestemmingsvorm, maar Nie Aktiveer Nie ("Teken In") Data Toesig** | Data wat Ingesamel is, Ten Volle Funksionaliteit maar met Sommige Ongerief | U laat ons toe om **fotos van u irisse, oë, en gesig** in te samel wanneer u aansluit by 'n Orb. Die foto data word uitgewis nadat die Orb die IrisKode skep wat gebasseer is op u iris foto. Ons stoor of stuur nie die foto data na ons databasis nie. Die foto data sal nie vanuit die Orb oorgeplaas word nie. U mag dit dalk nodig vind om 'n Orb weer te besoek sodat u IrisKode bevestig kan word wanneer ons die algorismes opdateer. |
| **#3.**<br>**Stem in tot hierdie Sensitiewe Data Toestemmingsvorm en Aktiveer ("Opt Into") Data Toesig** | Data Ingesamel, Ten volle Funksionaliteit met meer gerief | U laat ons toe om **fotos van u irisse, oë, en gesig** in te samel wanneer u aansluit by 'n Orb. U laat ons verder toe om hierdie informasie te stoor en **hierdie data oor te plaas na ons spanne** in die Europese Unie (tans Duitsland en Pole) en die Verenigde State, vir die doel om ons algorismes te leer soos wat hieronder in meer besonderhede uiteengesit word. U sal volle funksionaliteit hê, en dit sal nie nodig wees om elke keer 'n Orb te besoek wanneer ons die algorismes opdateer nie En u sal ons help om Worldcoin vinniger aan die wêreld te kan lewer. |

**U kan u toestemming tot hierdie Sensitiewe Data Toestemmingsvorm ter enige tyd herroep deur ons versoek portaal wat u sal kry by worldcoin.org/requestportal.**

**U kan nie u biometriese informasie by die Orb indien sonder om die volle bekendmaking te lees en die toestemmingsvorm te onderteken nie. U kan nie u biometriese informasie by die Orb indien as u 'n inwonder van die staat van Illiois, Texas, of Washington of die stede van Portland, Oregon of Baltimore of Maryland is nie.**

Hulpmiddels vir die Humanitêre Korporasie, tesame met sy Duitse plaasvervanger Hulpmiddels vir Humanitêre GmbH (tesame, "**TFH**" of "**ons**,""**ons**"), lei die aanvanklike ontwikkeling van Worldcoin. Ons prosessering (insameling, gebruik, storing, bekendmaking, en vernietiging) van u persoonlike data word bestuur deur twee dokumente: die Worldcoin Privaatheidsbeleiden hierdie Sensitiewe Data Toestemmingsvorm. Die Privaatheidsbeleid dek data wat ingesamel is deur middel van die Worldcoin webtuiste, applikasie, en ander dienste, terwyl hierdie Sensitiewe Biometriese Data Toestemmingsvorm beskryf hoe ons u biometriese data, wat deur ons Orb-toestel. versamel is, geprosesseer word.U regte onder toepaslike databeskermingswette word in die Worldcoin Privaatheidsbeleid genoem. Hierdie dokumente werk saam, en albei is belangrik om te verstaan hoe u privaatheid geaffekteer word deur deelname in die Worldcoin projek. Die Privaatheidsbeleid en hierdie Sensitiewe Data Toestemmingsvorm word ingelyf in, en bestuur deur die Worldcoin Gebruiker se Termes en Voorwaardes.

Vêrder, ons kleef aan die beginsels van die EU Algemene Databeskermingsregulasie ("GDPR") vir privaatheidsredes. Byvoorbeeld, tot al sou u land databeskermingswette hê wat minder beskerming bied as die GDPR sal ons steeds u data in ooreenstemming met GDPR prosesseer. Ons sal ook slegs u data gebruik vir die doeleindes soos hieronder in Afdeling 2.2 genoem (en Afdeling 3.4 indien u Data Toesig aktiveer), selfs al sou die dataprivaatheidswette in u land andersins beperk hoe ons u data gebruik.

Hierdie Sensitiewe Biometriese Data Toestemmingsvorm bestaan uit drie dele:

1. Agtergrond oor die Worldcoin projek;
2. Toestemming om sensitiewe data te prosesseer; en
3. Aktivering van Data Toesig.

# 1. Agtergrond.

**1.1 Die Worldcoin Projek**

Die Worldcoin projek mik daarna om die omskakeling na 'n meer insluitende globale ekonomie te bespoedig deur die eerste waarlike globale, wyd aangenome gedesentraliseerde web ("web3") protokol te versorg. "Worldcoin" is die naam wat tans gebruik word vir beide die onderliggende blokketting protokol waar transaksies plaasvind, en die spesifieke digitale muntstuk (afgekort na "**WLD**"). Om Worldcoin toeganklik en billik te maak, ons sal almal toelaat om 'n gratis aandeel van WLD te eis. Vir die projek om suksesvol te wees, alhoewel, ons moet die probleem van aanlyn duplikasie en vals rekeninge (soos bots), aanspreek terwyl u privaatheid en die sekuriteit van u data beskerm word. As resultaat, ons doel is om iris foto's te gebruik om unieke menslike identiteite vas te stel, en meer breedvoerig, om 'n applikasie te skep wat menslike teenwoordigheid kan bevestig gebasseer op iris foto's. U kan op ons webtuiste meer lees oor die Worldcoin projek (worldcoin.org).

**1.2 Die Orb**

Om veilige bevestiging te implimenteer, ons het ons eie toestel genaamd **die Orb**. Dit bevestig dat u 'n "unieke mens" is sonder om te vereis dat u enige identiteitsdokument of ander informasie oor wie u is hoef te lewer. The Orb lê 'n reeks hoë-resolusie foto's van u oë op beeld vas (spesifiek, u irisse) en gesig (beide u kop en skouers). Sommige van die foto's word gebruik om te bevestig dat u 'n regte mens is. Die ander—naamlik, diè van u irisse—word omgeskakel na 'n **IrisKode,** 'n lyn nommers wat gebruik word om vas te stel of u voorheen aangesluit het by 'n Orb.

# 2. Toestemming tot die Prosessering van Sensitiewe Biometriese Data.

**2.1 Data wat ons versamel.**

Met u toestemming kollekteer ons die volgende biometriese en persoonlike data deur die Orb te gebruik:

- **Foto's van u irisse en u oë.** Hierdie foto's word versamel in die sigbare in naby-infrarooi spektrums. Hulle word gebruik om die IrisKode te genereer, en om ons algorismes te leer om te herken en te onderskei tussen verskillende mense se irisse. Soos beskryf in Afdeling 2.3 hieronder, die algorisme is nie volmaak nie, en kan baie foute maak soos om foutiewelik vas te stel dat u alreeds by 'n Orb aangesluit het, en alreeds u gratis aandeel van WLD geeïs het.
- **Foto's van u gesig.** Hierdie foto's word versamel in die sigbare, naby-infrarooi, en vêr-infrarooi spektrums. Ons versamel ook 'n diepte foto. Die foto's word gebruik om te bevestig dat u 'n mens is, en daarom help dit met die voorkoming en opsporing van bedrog, en dit leer die algorisme.

**Belangrik!** Ons versamel hierdie foto's om vas te stel of u 'n mens is. Alhoewel, ons gebruik nie die data om te weet wie u is nie. Hierdie tipe data kan oorwegend gesien word as beskermde biometriese data van waar u woon, en kan onderworpe wees aan bykomende beskermings en beperkings.

**2.2 Wat Ons Doen Met Hierdie Data.**

Met u toestemming, ons gebruik die bogenoemde data vir die volgende doeleindes **slegs** (tensy u Data Toesig aktiveer, soos hieronder beskryf word):

- Berekening van IrisKodes;
- Vergelyking van IrisKodes;
- Optimalisering van IrisKode berekeninge; en
- Om op te spoor of 'n gebruiker 'n mens is en of 'n aansluiting geldig is (sekuriteit en bedrog voorkoming).

**2.3 Akkuraatheid.**

Die algorisme sagteware gebruik waarskynlikhede om vas te stel of u reeds voorheen by 'n Orb aangesluit het. Dit is nie perfek nie. As 'n resultaat, dit kan verkeerdelik bepaal dat u alreeds aangesluit het by 'n Orb (en gratis WLD geeïs het) op 'n vorige tydstip. Op hierdie tydstip, daar is nog nie 'n manier waarop gebruikers vermoedelike foute kan rapporteer of die algorisme bepalings kan teestaan nie. Deur in te stem tot hierdie Sensitiewe Data Toestemmingsvorm, u verskaf u toestemming tot hierdie geoutomatiseerde besluitneming.

**2.4 Toestemming tot hierdie Sensitiewe Data Toestemmingsvorm word Nie Vereis om Deel te neem in Worldcoin nie.**

U hoef nie in te stem tot hierdie Sensitiewe Data Toestemmingsvorm om te kan deelneem in Worldcoin nie. U kan steeds 'n rekening skep en 'n Worldcoin beurs vasstel sonder om hierdie toestemming aan ons te voorsien, maar u sal steeds moet instem tot die Worldcoin Gebruiker se Termes en Voorwaardes en Privaatheidsbeleid. Vêrder, indien u kies om nie in te stem tot hierdie Sensitiewe Biometriese Data Toestemmingsvorm nie sal u nie in staat wees om deel te neem aan sekere aspekte van Worldcoin nie, soos om 'n klein gratis bedrag van WLD te ontvang of om 'n unieke, draagbare digitale identiteit vas te stel nie.

**2.5 Onttrekking van u Toestemming**

U kan u toestemming ter enige tyd onttrek deur ons te kontak by:

**Die Worldcoin Versoek Portaal by worldcoin.org/requestportal**, of

**548 Market Street, PMB 49951, San Francisco, CA 94104 USA**

U kan ook u data van binne die Worldcoin App onder die Instelling kieslys uitvee. Indien u toestemming onttrek sal ons nie meer u data gebruik vir die doeleindes soos hierbo genoem nie. U kan ook kies om u data van binne die Worldcoin applikasie uit te vee.

# 3. Aktivering van Data Toesig.

**3.1 Huidige Status van die Worldcoin Projek: Die Veld Toets.**

Ons werk steeds daaraan om die uitvoering van die Orb te verbeter en die hardeware te bevorder, en sagteware sisteme wat vasstel of iemand geskik is om 'n gratis aandeel van WLD te ontvang. Ons noem hierdie stadium van ons ontwikkeling die **Veld Toets**.

Om die akkuraatheid van die sisteem se geskiktheidsbepalings te verbeter het ons nodig om aan te hou om ons algorisme sagteware op te lei. "Opleiding" beteken die gebruik van foto's van regte mense soos jy om die sagteware "te help" leer hoe om te onderskei tussen mense en nie-mense, en een persoon van 'n ander te onderskei. Soos wat die sagteware geleer word en verbeter, ons sal u van tyd tot tyd laat weet. Wanneer dit gebeur sal ons dalk u unieke digitale identiteit moet herbevestig, dit sal vereis dat u iris foto weer gebruik word.

**3.2 Data Toesig.**

Indien u toestem tot hierdie Sensitiewe Biometriese Data Toestemmingsvorm, in die Worldcoin app sal u gevra word om "**Data Toesig te Aktiveer**." Indien u kies om Data Toesig te aktiveer, u sal ons toelaat om:

1. Vashou aan sensitiewe data wat by die Orb versamel is gedurende die Veld Toets;
2. Stuur die foto's na ons spanne in die Europese Unie en die Verenigde State; en
3. Gebruik die foto's om aan te hou met ontwikkeling en verbetering van die sagteware, soos hieronder beskryf word.

Hierdie sal u heel moontlik help om sommige ongerief te ontduik omdat ons u foto-data het en dit nie nodig sal wees om terug te keer na 'n Orb toe vir herbevestiging van u digitale identiteit wanneer ons die sagteware opdateer nie. Dit sal ons ook help omdat ons dan u data kan gebruik om die sisteem te verbeter en Worldcoin vinniger aan die wêreld bekend te stel. Weereens, dit is nie 'n vereiste om Data Toesig te Aktiveer nie, maar deur dit te doen help u ons, en dit word vreeslik waardeer.

**3.3 Data wat ons versamel wanneer u Data Toesig Aktiveer**.

Met u toestemming tot die Sensitiewe Data Toestemmingsvorm, ons versamel foto's van u irisse en foto's van u gesig, soos in Afdeling II.1 hierbo beskryf word. Die sensitiewe data wat ons insamel verander nie wanneer u instem tot Data Toesig nie.

**3.4 Wat Ons Met Hierdie Data Doen Wanneer U Data Toestemming Aktiveer.**

Wanneer u toestem tot die Sensitiewe Data Toestemmingsvorm gebruik ons die bostaande data vir die doeleindes soos in Afdeling 2.2 verduidelik word. Wanneer u ook Data Toesig aktiveer, ons gebruik die data vir die volgende bykomende doeleindes:

- U IrisKode outomaties op te dateer in die geval waar ons die algorisme sagteware opdateer;
- Ontwikkeling en opleiding van algorismes om te bemerk en onderskeiding te maak tussen menslike irisse;
- Verwydering van vooroordeel van ons iris herkenning algorismes;
- Ontwikkeling en opleiding van 'n sisteem om te bemerk of 'n gebruiker 'n mens is en of 'n aansluiting geldig is;
- Ontwikkeling en opleidingsmodelle wat kunsmatige iris fotos gebruik vir verdere opleiding van algorismes; en
- Opleiding en evaluering van personeel wat op hierdie sisteme werk.

**3.5 Oorplasing van Data, insluitende Moontlike Risiko's.**

Wanneer u Data Toesig aktiveer, en ons sodoende toelaat om u data te gebruik vir die doeleindes soos hierbo in Afdeling 3.4 beskryf word stuur ons oor die algemeen die data na ons Navorsing en Ontwikkeling (Research and Development, "**R&D**") spanne, en dit kan tot gevolg hê dat u data uit die land waar dit versamel is gestuur word. Hierdie spanne is tans geleë in die Europese Unie (tans Duitsland en Poland) en die Verenigde State. Ons Privaatheidsbeleid verduidelik hoe ons beskerm en voldoen aan grens-kruising oorplasingswette. Afdeling 6 van die Privaatheidsbeleid lê die risiko's neer wat verband hou met sulke grens-kruising data oorplasings.

Alhoewel ons eintlike plan die publikasie van die IrisKodes op die blokketting is sal ons nie verkoop, verhuur, verhandel, of andersins baat uit u biometriese data nie. Ander beperkte situasies waarin ons u biometriese data of ander persoonlike data mag deel word in

ons Privaatheidsbeleid bekend gemaak.

**3.6 Data Retensie**.

Ons sal die fotos wat deur die Orb ingesamel is terughou, insluitende u biometriese data, totdat die ontwikkeling en verbetering van die algorisme afgehandel is of soos wat deur die wet en regulasies vereis word.

DCF20221010